



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Die skaam krappie deur Anna Emm

Onder see waar die mense nie kan sien nie, woon daar wonderlike diertjies en dingetjies. Daar woon klein vissies en groot vissies, jellievissies, en krappies. Een van hierdie krappies was baie skaam, en elke keer wanneer 'n diertjie of 'n dingetjie naby hom verby geswem het, het hy diep in sy dop ingekruip.

"Wat maak jy daar binne?" vra 'n klein vissie op 'n dag, en loer by die dop in. Die skaam krappie kruip sommer nog dieper in sy dop in dat net sy ogies nou uitsteek. Hy antwoord nie. Hy is te skaam.

"Ek sê, wat maak jy daar binne?" vra die vissie weer. "Ek kan jou sien daar in die doppie!"

Saggies, saggies fluister die krappie: "Regtig? Kan jy my SIEN? Hoe lyk ek? Is ek lelik?"

"Ek kan nie sien hoe jy LYK nie," sê die vissie. "Al wat ek kan sien is 'n dop met twee ogies daar in die donker. Kom bietjie uit, dan sê ek jou hoe jy lyk."

"Liewe nie," sug die skaam krappie. "Ek is te skaam."

Die vissie swem om en om die krappie, en sê dan weer: "Hierdie dop lyk baie swaar. Jy kan mos nie lekker speel met dit op jou rug nie? En dis baie donker daar binne in die dop. Jy kan mos nie lekker sien as jy heeldyd daar in die donker sit nie? Steek jou koppie uit en dan kyk jy bietjie rond, man!"

Die skaam krappie dink so 'n bietjie. Die vissie is reg. Die ou dop is baie swaar en donker. Hy loer versigtig uit. Net 'n entjie. Bokant sy kop kan hy die strale van die son deur die water sien skyn. Dis baie mooi. Hy loer die kant toe en daardie kant toe. Dan steek hy sy koppie nog verder uit. Die wêreld rondom hom in die water is só mooi, dat hy skoon van sy skaam vergeet. En kan jy glo? Daar klim die krappie sowaar heeltelmal uit die dop uit!

"Haai!" sê die vissie. "Jy is dan nie eens vas aan die dop nie! Is dit regtig JOU dop hierdie?"

"Nee," sê die skaam krappie. "Ek het hier verby geswem en toe sien ek die dop en toe kruip ek binne in. Ek wou daar bly tot ek nie meer so skaam voel nie. Maar ek dink ek het baie lank daar gebly."

Die vissie kyk na die krappie en trek dan sy asem vinnig in! Want soos die water om die krappie spoel, sien hy nou twee vinnetjies en 'n helder blink stertjie!

"Jy is mos glad nie 'n krappie nie, jong!" roep die vissie. "Jy is 'n pragtige vissie – nes ekke!"

En kan jy dit glo? Die skaam krappie was toe nie 'n krappie nie, maar 'n vissie! O, hoe bly was hy nie! Hy was glad nie meer skaam nie, en het heerlik met die ander vissie in die water gaan speel.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Gratis inkleurprentjie:

# Die skaam krappie illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)